higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KRIMINOLOGIE
NKR VLAK 4

(8021024)

17 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

452Q1N2217

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin elke afdeling op ‘n nuwe bladsy.

5. Gebruik slegs ‘n swart of blou pen.

6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK.

1.1 ‘n Introvert is iemand wat …

A die beste van ander mense glo.
B skaam en nadenkend is.
C die ergste van ander glo.
D uitgaande en sosiaal is.

1.2 Watter EEN van die volgende is NIE ‘n kwessie wat tipies deur slagoffer-profielsamestelling verskaf word nie?

A Konsep
B Konteks
C Verbindings
D Ondersoekrigting

1.3 Watter EEN van die volgende is NIE ‘n tipe navorsing nie?

A Verkenningsnavorsing
B Kwalitatiewe navorsing
C Kwantitatiewe navorsing
D Intuïtiewemetode-navorsing

1.4 Wanneer iemand aan ‘n misdaad skuldig bevind word, word hy of sy …

A siviel.
B neerbuigend.
C veroordeel.
D vrygelaat.

1.5 ‘n Sinoniem vir opsluiting is ...

A inkerking.
B gevonnis.
C skuldig bevind.
D neerbuigend.

1.6 Watter EEN van die volgende word NIE as ‘n direkte diensverskaffer op die terrein van Kriminologie beskou nie?

A Geregshowe
B Suid-Afrikaanse Polisiediens
C Korrektiewe Dienste
D Die kleptokrasie

Kopiereg voorbehou

1.7 Watter van die volgende sinne beskryf verstedeliking die beste?

A Verhuis vanaf die stad na ‘n landelike gebied.
B Verhuis vanaf ‘n landelike gebied na die stad.
C Verhuis vanaf een provinsie na ‘n ander.
D Verhuis vanaf een land na ‘n ander land.

1.8 Witboordjiemisdaad is gedefinieer deur Edwin Sutherland, wat beskou word as die vader van watter teorie?

A Different Gang Theory
B Differential Deference Theory
C Differential Association Theory
D Differential Companion Theory

1.9 Verhandeling (‘trafficking’) het baie onderafdelings; watter EEN van die volgende word NIE as verhandeling beskou nie?

A Mensehandel
B Verhandeling van bedreigde spesies
C Voertuighandel
D Verhandeling van klere

1.10 Watter EEN van die volgende terme is ‘n sosiologiese sinoniem vir huishoudelike geweld?

A Intiememaat-geweld
B Vrou-op-Vrou-geweld
C Eksternemaat-geweld
D Man-op-man-geweld

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Statutêre verkragting is wanneer iemand geslagsomgang met iemand onder die ouderdom van vyftien het.

2.2 Bekruiping (‘Stalking’) is wanneer iemand herhaaldelik iemand anders volg of agtervolg.

2.3 Genormaliseerde gedra word as normaal en aanvaarbaar beskou.

2.4 Verduistering en geldwassery is dieselfde misdaad.

2.5 Kuberafknouery word nie as ‘n misdaad beskou nie.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Sekswerk	A	soortgelyke idees
3.2	Teistering	B	vroeë vrylating
3.3	Temas	C	uitskellery
3.4	Visuele voorstelling	D	maklik om te oortuig
3.5	Geriewe	E	onregmatig
3.6	Parool	F	prostitusie
3.7	Onwettig	G	trilogie
3.8	Huishoudelike geweld	H	gesinsgeweld
3.9	Afknouery	I	foltering
3.10	Liggelowig	J	dienste
		K	moddergooiery
		L	PowerPoint-aanbieding

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur 'n woord uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer
.

voorbedagte rade; verduistering; sinonieme; vandalisme; sosiologie; ekologiese; goedhartigheid

4.1 Moord kan gedefinieer word as die onregmatige doodmaak van 'n mens met ... .

4.2 … is die bedrieglike afwending of misbruik van fondse vir jou eie gebruik.

4.3 … verwys na die opsetlike vernietiging of ontsiering van openbare of privaat eiendom.

4.4 Die studie van die oorsprong, ontwikkeling en struktuur van menslike samelewings en die gedrag van individuele mense en groepe in die samelewing staan bekend as …

4.5 Die verhouding tussen individue en organismes in hul natuurlike, fisiese omgewing staan bekend as 'n ... verhouding.

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

Lees die volgende vrae aandagtig deur en verskaf voldoende inligting in jou antwoorde.

5.1 Identifiseer TWEE verskillende soorte navorsing, en VIER subkategorieë van navorsing. (6)

5.2 Identifiseer SES faktore wat tot 'n misdaadvoorval kan bydra. (6)

5.3 Konseptualiseer die term *korrupsie*. (4)

5.4 Wat is die VIER kostes of uitwerkings van misdaad op die primêre misdaadslagoffer? (4) **[20]**

TOTAAL AFDELING B: 20

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

VRAAG 6

Lees die scenario hier onder en beantwoord dan die vrae.

Australië se liefling kom te staan voor bekruiper in die hof

Australiese superster en 'The Voice'-afrigter, Delta Goodrem, is alte vertroud met superaanhangers, maar een so ‘n aanhanger het te ver gegaan. James Laffety, 49, is die eerste keer in 2020 en daarna weer in 2021 gevonnis omdat hy die 'Born to Try'- sanger agtergevolg en geteister het.

Lafferty het in 2020 begin om Goodrem (36) te agtervolg nadat hy vir haar honderde liefdesgedigte op sosiale media gestuur het en selfs op Valentynsdag 2020 by haar woonstelgebou in Sydney opgedaag het om vir haar ‘n geskenk by die concierge af te gee. Die concierge het Lafferty meegedeel dat Goodrem nie meer daar woonagtig is nie, maar hy het nog vier maal op dieselfde dag teruggekeer. Die volgende dag het hy op ‘n bankie in ‘n park oorkant haar gebou met ‘n kitaar gesit en probeer om haar aandag te trek deur 'Delta! Delta!' te skree toe sy ‘n rok by die concierge gaan afhaal het. Toe sy op haar Instagram-rekening kyk, was dit met honderde boodskappe oorstroom. 'Ek’s hier’, kom asseblief af en ontmoet my’, ek is lief vir jou, Delta, my sielsgenoot vir altyd’ en ‘ek is bier by die concierge-diens' was net ‘n paar van die meer onskuldige boodskappe wat hy vir haar gestuur het. Die polisie het hom gevra om aan te beweeg, maar later daardie aand het Goodrem hom weer in die park sien sit, en die polisie gebel. Sy het ‘n video van hom geneem terwyl hy daar rondhang, en hy is in hegtenis geneem.

Tydens sy arrestasie het hy sy telefoon stukkend geslaan en na bewering geskree, 'Waaraan is ek skuldig? Om vir haar rose en sjokolade te bring"’ Hy het toe skuld erken dat hy 300 ‘gedigte’ en bykans 24 bladsye se liefdesboodskappe op Instagram gestuur het. Tydens sy ondervraging het hy gesê, 'Mens sou dink sy sou minstens daarop antwoord.' Hy het skuldig gepleit op drie aanklagte met betrekking tot die bekruipery en agtervolging deur Goodrem: gebruik van ‘n kommunikasienetwerk (‘carriage service’) te dreig, teister of te na kom; bekruipery of intimidasie; en versuim om ‘n polisiebevel om ‘n plek te ontruim, te gehoorsaam. Sy Legal Aid-prokureur het sy kliënt verdedig deur aan te voer dat hy een van Goodrem se grootste aanhangers, en dat die gedigte wat hy vir haar gestuur het, ‘kort gedigte’ was. Hy het verder aangevoer dat daar nie in enige stadium ‘n bedreiging vir Goodrem se veiligheid of welsyn was nie. Lafferty is egter skuldig bevind en gevonnis tot ‘n boete van $600, 18 maande gemeenskapskorreksie en ‘n bevel om weg te bly van haar huis af.

Adjunkhoofregter Jane Mottley het genoem dat Lafferty ‘n lang misdaadrekord het wat tot 1991 terugdateer, toe hy skuldig bevind is aan aanranding met die doel om ernstige liggaamlike leed aan te doen, onregmatige betreding, ontsnapping uit aanhouding en gewapende inbraak en betreding met verswarende omstandighede. Hy is ook voorheen aan intimidasie skuldig bevind en tronkstraf opgelê. Regter Mottley het gesê dat die aard van Goodrem se loopbaan dit noodsaaklik maak om ‘n aanhangerbasis te hê, maar dat aanhangers moet verstaan dat daar ‘n grens is wat hulle nie moet oortree nie. Sy het aan Lafferty gesê dat sy optrede daardie grens oortree het, wat Goodrem vir haar veiligheid laat vrees het. Sy het ook gevra of hy verstaan dat sy optrede ongewens was. Hy het geantwoord: ‘Ek weet nie. Ek het nooit enige voorneme gehad om aan haar deur te klop nie, ek wou net die geskenk by die concierge-toonbank afgee.' Hy het bygevoeg dat Goodrem 'my enige tyd op sosiale media kon blok as sy wou’. Toe hy bevel is om nie na haar gebou toe te gaan nie, het hy geantwoord ‘die adres is op Google.’

Kopiereg voorbehou

In Julie 2021 het Lafferty weereens skuldig gepleit op aanklagte met betrekking tot die viktimisering van Goodrem; twee aan klagte van oortreding van ‘n verbod in ‘n sogenaamde ‘apprehended violence order’ – die ekwivalent van die Suid-Afrikaanse weerhoudingsbevel. Hy is skuldig bevind en tot 15 maande gemeenskapskorreksie gevonnis. Die verbod uit sy vorige skuldigbevinding het bepaal dat hy nie binne 50 meter van die sangeres se woonstel mag kom nie, maar op 26 April 2021 asook 6 Mei 2021 is hy opgemerk waar hy verby haar woning in Sydney se sentrale sakegebied ry. Tydens een van hierdie geleenthede het hy na bewering buite haar eiendom weggekruip en Goodrem met meer as ‘n honderd boodskappe gebombardeer, insluitend een wat lui, ‘Ek is buite ... vier toets vir ‘Ek’s lief vir jou Delta Goodrem'. Polisieaanklaer Sersant Chris Manning het aan die hof vertel dat die beskuldigde se spoor boodskappe op Instagram ‘n duidelike bedoeling en patroon van heroortreding toon, veral in die lig van Lafferty se misdaadgeskiedenis.

Lafferty het beweer dat op pad terug van sy broer se huis in Coogee en op pad na Richmond in Sydney se noordweste was, maar op die toneel deur die polisie gearresteer is wat gesê het dat hulle vir Goodrem se veiligheid gevrees het in die lig van sy voortgesette teistering en oortreding van die verbod teen hom. Laffetry het in die hof gesê dat hy ‘n opgetree het ‘as ‘n minnaar, nie ‘n bekruiper’ en ‘ek het nie in enige stadium daaraan gedink om haar seer te maak nie’. Gedurende die emosioneel gelaaide hofverskyning het Lafferty geskree, gevloek en die polisie daarvan beskuldig dat hulle lieg. Hy is borgtog geweier nadat die landdros bevind het dat hy ‘n werklike gevaar vir Goodrem se veiligheid inhou.

Gedurende die laaste hofverskyning is Goodrem gedwing om haar bekruiper van aangesig tot aangesig te sien. Goodrem het via ‘n video-skakel getuig en vir Lafferty gesê dat ‘jy beveel is om aan te beweeg van buite my woonstel ... Toe ek van die werk af terugkom, was jy steeds daar ... die weerhoudingsgbevel was om myself te beskerm. Omdat Lafferty verkies het om homself te verteenwoordig, is hy toegelaat om Goodrem onder kruisverhoor te plaas. ‘Het ek ooit gedreig om jou te beseer?’ was een van die vrae wat hy gevra het.

Goodrem se antwoord was dat ‘jy beslis twee verskillende kante het, wat vir my stresvol was.’ Lafferty kon Goodreem self kruisondervra omdat hy homself verteenwoordig het – ‘n skuiwergat wat volgens die slagoffer se prokureurs onnodig ontstellend is. Die Prokureur-generaal** het aan 7NEWS gesê dat die angs wat klaers sal voel wanneer hulle in ‘n hof voor hul aanvaller te staan moet kom, verstaan, en oop is vir veranderings aan wetgewing in die verband.

Delta Goodrem se situasie dat sy direk met die oortreder moes praat is nie uniek aan Australië nie, maar ‘n verskynsel wat regoor die wêreld voorkom. Verskeie menseregte-advokate het al gesê dat slagoffers wat hul aanvallers in die hof van aangesig tot aangesig moet ontmoet, neerkom op verdere viktimisering en herviktimisering.

[Bron: *https://www.dailymail.co.uk/tvshowbiz/article-9816459*; *www.smh.com.au/national/nsw/*; *www.newidea.com.au/*; *www.9news.com.au/national/*; *www.7news.com.au/entertainment/celebrity*]

6.1 In Suid-Afrika sou me Goodrem kon steun op die regte van ‘n slagoffer. Identifiseer SEWE regte uit Suid-Afrika se Slagofferhandves. (7)

6.2 'n 'Verbod in 'n apprehended violence order' staan in Suid-Afrika algemeen as 'n tydelike weerhoudingsbevel bekend.

Noem en ontleed hierdie konsep soos dit in Suid-Afrika van toepassing is. (3)

6.3 Ontleed die konsep *slagofferimpakverklaring.* (3)

6.4 Ontleed die scenario sorgvuldig, en beskryf dan in jou eie woorde hoe James Lafferty se gedrag teenoor Delta Goodrem as viktimisering beskou kan word. (7)
[20]

TOTAAL AFDELING C: 20

AFDELING D

VRAAG 7

7.1 Definieer die term *verhandeling ('trafficking')* en bespreek die verskil tussen mensehandel ('human trafficking') en mensesmokkelary ('human smuggling'). (8)

7.2 Beskryf kortliks hoe jy 'n navorsingsplan vir 'n mensehandelprobleem sal opstel, en dui aan hoe jy die resultate van die navorsing sal aanbied. (12)

7.3 Bespreek die uitwerking van misdaad op die slagoffer se familie. (4)

7.4 Bespreek die verskil tussen *maatskaplike geregtigheid* en *herstellende geregtigheid.* (6)
[30]

TOTAAL AFDELING D: 30
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou